VAN ROBBIE

SE LESSENAAR …

Ek wil hierdie maand klem plaas op ons Gemeente se Skakelgroepe.

Col. 2:19 (NIV) "They have lost connection with the head, from whom the whole body, supported and held together by its ligaments and sinews, grows as God causes it to grow."

Skakel asb so gou as moontlik in by een van ons Skakelgroepe. Vind ons Leiers (en areas) elders in die Gazette. Dit is so belangrik dat ons ingeskakel moet wees by 'n Gemeente! Een van die sentrale maniere waardeur ons in geloof groei, is deur *intensionele verhoudings* met ander gelowiges. Hier is ons doel om meer soos Jesus te word.

Moontlik is daar van julle wat reeds in gesonde verhoudings met julle vriende staan. Ons wil julle aanmoedig om so Skakelgroep dan te vorm. Dit moet 3 of meer gesinne wees. Kontak my asb vir 'n afspraak indien jy ervaar om so 'n groep te begin.

Hoe werk dit en wat gebeur by 'n Skakelgroep?

- Saam bid, jy vorm deel van die Gees en Lewe Gebedsnetwerk.
- Geestelike skakeling, tyd om die Woord en gebed.
- Sosiale skakeling, kuier tyd
- Dien geleenthede
- Persoonlike en nabye herderlike ondersteuning, ons help mekaar!
- Hierdie groepe besluit self hoe gereeld hulle bymekaar kom.
- Ons beveel 'n "WhatsApp Broadcast" groep aan met 'n Administrateur eerder as 'n "WhatsApp" groep.

Hoor graag van jou!

"Sy Hartklop" groete! *Robbie*